Riemland-tak van Vrystaat Jagters- en Wild-bewaringsvereniging sluit jaar op 'n hoë noot af

Die Riemland-tak van die Vrystaat Jagters- en Wildbewaringsvereniging het op Vrydag, 9 November hulle jaarlikse afsluiting en prysuitdelings funksie te Donsveertjie gasteplaas gehad. Dit was goed bygewoon en na afloop van die vergade- ring was daar heerlik om die braaivleis vure gekuier.

Die nuwe bestuur vir 2019 was ook gekies.

Voorsitter: Pierre Erasmus - 083 707 0819, Ondervoorsitter: Japie Steyn - 082 770 5705, Tesourier: André Janse van Rensburg - 082 463 5830, Sekretaresse: Ericka Erasmus - 083 707 0779. Addisionele lede: Hennie Viviers, Bennie Roets, Alwyn Swart en Edward Muller.

Wenners in onderskeie afdelings is soos volg.

HANDWAPEN:

Derde plek: Frans Muller, tweede plek: Willie Pretorius, eerste plek: Pierre Botha.

HAELGEWEER:

Derde plek: Japie Steyn, tweede plek: Pierre Erasmus, eerste plek: Wybrandt du Toit.

.22:

Derde plek: Edward Muller, tweede plek: Pierre Erasmus, eerste plek: Bennie Roets.

JAGGEWEER:

Derde Plek: Bennie Roets, tweede plek: Japie Steyn, eerste plek: Edward Muller.

CHASA SPORTSKIET: .22:

Eerste plek: Pierre Erasmus

DAMES SKUT VD JAAR:

Liezel Engelbrecht

LANGAFSTAND SKIET:

Derde plek: Japie Steyn, tweede plek: RJ Muller, eerste plek: Edward Muller.

BUFFEL/LEEU STORM:

Faan Potgieter

SPAN SKIET:

Japie Steyn, Edward Muller, Braam van Zyl en Abrie Watson.

JEUGSKIETDAG WENNERS:

Tweede plek: Chanelle Engelbrecht, eerste plek: Christiaan Muller.

KUIKEN SKUT:

Gerhard Engelbrecht

ALGEHELE WENNER 2018:

Veelsydigste skut:

Derde plek: Japie Steyn, tweede plek: Edward Muller, eerste plek: Pierre Erasmus.

SWARTWILDEBEES TOEKENINGS:

Japie Steyn, Hennie Viviers, Koos van Niekerk en Koos van Niekerk (Snr).

LID VAN DIE JAAR:

Wyk Cronje

TROFEE:

Pierre Erasmus - Swartwildebees

Jeff Roos - Rooikat

Daar was ook 'n fotokompetisie met 44 inskrywings.

Die wenners is as volg. Bokspog: Pierre Erasmus met sy blesbok. Natuurlewe: Ericka Erasmus met 'n natuurfoto wat geneem is in die Drankensberge. Voëllewe: Riaan Naude met 'n visvangertjie.

Ledegeld beloop R650 en is betaalbaar voor 31 Desember 2018.

Eerste skietoefening is 2 Februarie 2019.

FOTOKOMPETISIE: Ericka en Pierre Erasmus

NUWE BESTUUR 2019: Op die foto voor vl: André Janse van Rensburg, Pierre Erasmus, Ericka Erasmus, Japie Steyn, Alwyn Swart en Bennie Roets. Agter: Edward Muller.

SPANSKIET WENNERS 2018: Op die foto vl: Edward Muller, Japie Steyn, Braam van Zyl en Abrie Watson.

Kleuterkasteel hou konsert

Kleuterkasteel se kleuters is weereens hul ouers en onderwysers se trots. Op 10 November 2018 het die konsert, Speelgoedland, gesorg vir lekker vermaak by die Suid-kerk. Die konsert was 'n reuse sukses en die ouers het dit terdeë geniet. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie.

Kersprojek by kliniek

Die Gesondheidkomitee van Heilbron Kliniek het 20 November 'n kersprojek aangebied vir die pasiënte. Hulle het gesmul aan heerlike worsbroodjies en lekkernye. 'n Gesellige atmosfeer het geheers en 'n Geseënde Christusfees is almal toegewens. Personeel van die kliniek wil die komitee bedank vir hulle liefdevolle en onbaatsugtige diens en hulp gedurende die afgelope jaar. Voorwaar 'n goeie span om mee saam te werk.

Hoe verklaar jy dit

Hierdie week by die Heilbron Dienssentrum het die lede lekker gesels rondom "hoe verklaar jy dit". Een van die dinge wat die lede verklaar het, was hoe bloeddruk werk. Hulle het ook verklaar hoe die suur/alkalibalans in die mens se liggaam werk. Verder het hulle ook 'n gesprek gehad wat gehandel het oor hoe hule voel oor die wettiging en gebruik van dagga-olie. 'n Paar interessante breinknopers is ontrafel. Die Dienssentrumlede is skerp, hulle kon alles oplos. Op die foto vl: Rita Serfontein, Rita Groenewald en Nellie Bierman. Volgende Dinsdag verkoop die Dienssentrum heerlike basaarpoeding.

Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00. Vir enige advertensies en artikels kontak Jolandri by 058 852 3033

Ons kersuitgawe is 14 Desember indien u in ons bylae wil adverteer kontak Jolandri by die Heilbron Herald.